NG Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin
No. 23 van 2018

10 Junie 2018

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Moenie dit net lees nie, DOEN dit!!

"Julle moet mense word wat doen wat die WOORD sê. Moet dit nie net aanhoor nie…" Jak 1:22

'n Besigheidsman wat bekend was vir sy meedoënloosheid, arrogansie en godsdiensywer het vir Mark Twain gesê dat hy beplan om voor sy dood die Heilige Land te besoek, Sinaiberg uit te klim, en die Tien Gebooie hardop te lees. Ek het 'n beter idee, het Mark Twain geantwoord. Bly net hier in Boston en onderhou net die Gebooie! Ons sal eerder oor dit wat ons nie weet nie peins, as om dit te doen wat ons weet ons moet doen. 'n Maatskappy weet byvoorbeeld dat hulle hul kwaliteitbeheer moet verbeter, dus bespreek die bestuur die probleem, luister na aanbiedinge, lees allerlei boeke, ondersoek nuwe sisteme – maar begin nooit doen wat gedoen moet word om dit te verbeter nie. Hulle probleem is nie onkunde nie; dis dat hulle te veel weet, maar te min doen. Nog 'n alledaagse voorbleed: Mense sal eerder die waarde van proteïne teenoor koolhidrate, Franse kookkuns teenoor veganisme, met gewigte oefen teenoor draf debatteer, as om eenvoudig dit wat hulle eet te verander. Dit is eenvoudig: verbrand meer kalorieë as wat jy inneem. So sal sommige Christene eerder oor die doktrine debatteer as om te ***doen*** wat JESUS sê. Soos die ou advertensie vir Nike sê – ***Just do it***!! *Oefen om 'n moeilike persoon lief te hê; probeer om iemand te vergewe; gee geld weg; stop en sê dankie; loof GOD; bemoedig 'n vriend; seën 'n vyand; sê jammer wanneer jy verkeerd is.* Die waarheid is dat jy reeds meer weet as wat nodig is. Niks sit mense so af soos iemand met 'n kop vol kennis wat welwillendheid en karakter kortkom nie. Jakobus se woorde is vandag nog van toespassing:

"Julle moet mense word wat DOEN wat die woord sê. Moet dit nie net aanhoor nie…"

Geskryf deur Bob en Debby Gass

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir die gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste, voorsang-groepie en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike – daar is baie egskeidings
- Bid asb saam vir Eskom & sy werkers
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & in ons land SA
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het dieselfde siekte as Joost
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Beatri Wagner – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Alta Faurie vir genesing - sy is baie siek
- Bid asb vir Maria Steyn – bid vir volle genesing sy is ernstig siek
- Bid asb vir Suzette Fourie en dogter-haar dogter het kanker
- Bid asb vir Marlien Roetz- sy ervaar groot vrees
- Bid asb vir Anet Beckman – sy is baie siek en kry chemoterapie
- Bid asb vir Maud Kleynhans – sy het longvlies kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – het dringend gebed nodig
- Bid asb vir Elsa Booyens – het gebed dringend nodig
- Bid asb vir tannie Hettie Wiegand – sy is baie ernstig siek
- Bid as vir Tom Steyn – hy het 'n operasie gekry
- Bid asb vir Judy Hein – sy het borskanker

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
01 Jul 2018	Doop	NG Kerk

Bid asb vir die Uitreikspan wat eersdaag vertrek!
Heerlike Pannekoeke te koop na kerk

Dank Gebede

-Dankie HERE vir U groot genade & my gesondheid
-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
-Dankie HERE dat U, U ENIGSTE SEUN gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe , redeneer & omgee, & dankie HERE dat U altyd daar is vir my
-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie my GOD dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U ***wondergroot genade***. Amen!

Gedagte vir die week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.